

Vrydag 14 Augustus

Skrifgedeelte: Spreuke 16:16-33 (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Spreuke 16:31

Dien die HERE, daarin lê die eer van die ouderdom

Welsalig hy wat op die spoor nie gaan waar sondaars lok, of neersit waar spotters vrolik spot met al wat hoog is, maar wat Gods wet in stille mymering by dag en nag weer in gedagtenis bring. Hy is 'n boom wat vas geplant sy volle drag laat sien van somervrugte, selfs in hul ouderdom kom daar geen vermindering. Hul groei deur Gods genade waar sy voorhof is.

Hulle is onder ons. Mense wat hulle lewe lank glo en God dien. Ons dank Hom vir hulle. Van hulle staan hier: Grysheid is 'n sierlike kroon. Dit is 'n teken van eer.

Die kroon word gevind, dit word op die weg van geregtigheid verwerf of verkry. Respek volg op 'n lewe in die spore wat die Here in sy wet aangee. Eer vir die gryse gaan hand aan hand met sy/haar toewyding aan die Here. Dit word verwerf deur gehoorsaamheid wat oor die lewe strek.

Grys hare moet 'n eerbare verlede weerspieël. Dit moet getuig van 'n lewe wat goed geleef is en geleef word. Dit is 'n sierlike kroon as dit van volharding in die geloof getuig; van 'n lewe wat heilig geleef word. Die gryse wat in sy lewenswandel goddeloos is, is nie eerwaardig nie. Sy lewe is 'n skande.

Daar is gryses wat hulle in die Here verbly. Hulle leef in sy genade. Hulle vind hulle lewe in Christus. Hy is hulle geregtigheid en heiligmaking. Hulle is bly om in die goeie stryd te kan volhard. Hulle bly lewensverbetering najaag. Hulle begeer die heiligmakende werk van die Gees. Hulle is getroos in die lewe van Christus wat tot hulle saligheid dien. Hulle dra steeds nuwe bloeisels en meer vrugte. Hulle lewe is elke dag teken van die volle oes wat aanstons gelewer word. Hulle leef hulle in die nuwe lewe in. So leef hulle die toekomsverwachting in Christus uit.

Vir hulle dank ons God. Vir hulle staan ons met respek op. Hulle is 'n voorbeeld om te volg.

Sing: Psalm 92-1:6, 7

Ds. PJ Jansen van Nieuwenhuizen (Petrus) (Marble Hall)